VOLKSBLAD 5 NOV. 2009

Ekologiese ramp: Flaminkies versuip

'n KUIKEN (regs) in die stygende vloedwater by 'n nes en 'n versuipte flaminkie by die broei-eiland in die Kamfersdam. FOTO'S: WEBCAM

KLEINFLAMINKE op die oorstroomde mensgemaakte broei-eiland in die Kamfersdam buite Kimberley.

■ FRANS COETZEE

KIMBERLEY. – Grootskaalse vrektes onder kuikens van kleinflaminke by die oorstroomde Kamfersdam buite die stad is 'n ekologiese ramp te midde van die derde broeiseisoen hier.

Stormwater weens oorvloedige vroeë somerreën, wat steeds voortduur, beperkte verdamping weens die koel weer en die verhoogde invloei van rioolwater het meegebring dat groot gedeeltes van die kunsmatige broei-eiland onder water is.

Selfs 5 000 sandsakke wat Ekapa Mining verlede jaar en vroeër vanjaar teen hoë koste rondom die mensgemaakte eiland gepak het, kon die oorstromings nie keer nie.

Mnr. Mark Anderson, uitvoerende direkteur van Bird Life South Africa, sê die derde broeiseisoen het sowat 'n maand gelede begin. In die vorige twee broeiseisoene het onderskeidelik 9 000 en 13 000 kuikens op die eiland uitgebroei.

Gisteroggend het Anderson se vrou, Tania, gewaar hoe 'n kuiken versuip.

"Sedert eergisteraand is drie piepklein kuikens en 'n eier vermoedelik deur die stygende water meegesleur. Dit is die neste wat ons met die kamera kon sien.

"Ons het die afgelope paar dae waarskynlik honderde kuikens en eiers verloor."

Kamfersdam is die enigste broeiplek vir kleinflaminke in die land. Dit is een van vier broeiplekke vir dié voëlsoort in Afrika en een van ses in die wêreld.

"Die oorstromings bedreig die voortbestaan van dié internasionaal belangrike terrein," sê Anderson.

Die eiland is bokant die Kwezi V3-ingenieur se aanbevole maksimum watervlak vir Kamfersdam in die dam gebou. Die verslag is in opdrag van die Sol Plaatje-munisipaliteit saamgestel. Die aanbevelings is klaarblyklik deur die munisipaliteit aanvaar.

Anderson sê die Red die Flaminke-vereniging is geruime tyd in samesprekings, debatte en regsaksies met die munisipaliteit en die Noord-Kaapse departement van toerisme, omgewing en bewaring gewikkel in 'n verbete poging om die knelpunte betreffende die agteruitgang van die watergehalte, die stygende watervlakke en die omstrede Northgate-woongebied-ontwikkeling by Kamfersdam uit te stryk.

Anderson se hersieningsaansoek van 1 500 bladsye teen die Noord-Kaapse LUR vir toerisme is onlangs by die hooggeregshof ingedien.

"Al die gebeure is baie frustrerend. Dit is hartseer om die kuikens so voor jou oë te sien verdrink, maar ons sal die geveg voortsit."

Anderson sê die treinspoor langs Kamfersdam word ook deur die oorstromings bedreig.

'aar gewese hoofborg vir R456 000

r Februarie (R100 000), Maart) 000) en April (R200 000) skuld etner glo nog die paaiemente BTW.

e Diamant-Arende dagvaar Geer vir dié betaling in die Vryse hooggeregshof en gaan die p 19 November vir 'n summiere vonnis vra. Gestetner gaan die eis glo teenstaan.

'n Senior amptenaar van die Diamant-Arende sê glo Gestetner het nie 'n verweer teen die eis nie. Deur dit teen te staan, is blote vertragingstaktiek.

Die Diamant-Arende gaan benewens die R456 000 die hof vra dat Gestetner meer as 15% rente en ook die regskoste moet betaal.

Gestetner se borgskap het op 1 Mei 2006 begin en het vanjaar aan die einde van die seisoen, die dag nadat die laaste wedstryd onder beskerming van Krieket SA gespeel is, geëindig.

Die borgskap is ná die eerste jaar vir die res van die tydperk ingevolge die heersende verbruikersprysindeks verhoog.

Gestetner het nie sy reg uitgeoefen om die borgskap te verleng nie. 'n Nuwe hoofborg sal waarskynlik eersdaags aangekondig word.

COURIER & DISTRIBUTION